OMSKEP RISIKO IN VOLHOUBARE WELVAART

RISIKO BESTUUR

BESIGHEIDSIKLUS



SO LYK U BESIGHEID



DIE TRADISIONELE KONSEP

Besighede gebruik konvensionele metodes om hul risiko te bestuur wat hulle oor die algemeen nie as versekerbaar beskou nie. Byvoorbeeld, die gebruik van behoue verdienste om enige onvoorsiene gebeurtenisse te dek. Vir ander versekerbare risiko is dit waarskynlik dat die premies betaal, die waarde van die eise ontvang, sal oorskry gedurende die gemiddelde leeftyd van 'n besigheid.

DIE CORPORATE GUARANTEE KONSEP

Die Corporate Guarantee Alternatiewe Risiko Oordrag produk is 'n alternatief vir konvensionele versekeringspolisse. Ons help u om risiko in volhoubare welvaart te omskep deur gebruik te maak van ‘n risikobestuurspolis. Corporate Guarantee bied ’n standaard 120% risiko-dekking op alle polisse. Hierdie risikobestuurspolis bied lang-en korttermynvoordele wat u besigheid 'n tweede asem sal gee tydens die afwaartse tye van u besigheidsiklus asook die beste kans om te oorleef in geval van 'n katastrofiese gebeurtenis.



- Vervang u behoue verdienste met ‘n risikobestuurspolis.
- Behou meer verdienste vir die bestuur van risiko.
- Ontvang 120% risiko dekking vanaf Corporate Guarantee in die geval van katastrofiese gebeurtenisse.

OMSKEP RISIKO IN VOLHOUBARE WELVAART

‘N RISIKO-ANALISE WORD UITGEVOER SAAM MET U OM TE BESLUIT OP DIE RISIKO WAT BESTUUR WORD DEUR MIDDEL VAN N RISIKOBESTUURSPOLIS GEBASEER OP U RISIKO-APTYT

SO LYK U BESIGHEID

RISIKO RETENSIE VS RISIKO OORDRAG



KOSTE-EFFEKTIEWE BENADERING

‘n Kombinasie van risiko bestuur, d.m.v. ’n risikobestuurspolis tesame met konvensionele versekering kan moontlik die mees koste-effektiewe oplossing wees. Verhoog u bybetaling, wat gedek word deur u risikobestuurspolis, wat sodoende lei tot ’n verlaging in konvensionele versekeringspremies.

ADDISIONELE VOORDELE



TOT **65%** teen prima minus 2%



TOT **90%** teen prima minus 1%

U risikobestuurspolis kan as sekuriteit dien vir ’n lening van tot 90% van die poliswaarde.

WAARBORGE

ONS BIED OOK DERDEPARTY WAARBORGE AAN

Onderskrywingsfooi
Gebaseer op u unieke risikoprofiel en die risiko wat onderskryf word.

Risiko Oordrag
Standaard dekking is 120%. Die risiko dekking kan verhoog word om by u risikoprofiel aan te pas, gebaseer op u unieke behoeftes.

MULTI RISIKO POLIS
30 verskillende risiko kategorieë

Ondervindingsrekening
’n Ondervindingsrekening sal bygehou word wat die notasionele verskeringspremies reflekteer. Die ondervindingsrekening is ’n formule wat gebruik word om die waarde van die eise wat betaal is deur die versekeraar te bepaal. Enige dekking wat nie gebruik is tydens die huidige polistermyn nie, kan aangewend word vir toekomstige risikobestuur.

Onderskrywingswinste
Die versekerde word beloon vir goeie risikobestuur en kan deel in onderskrywingswinste.

VRAE & ANTWOORDE

Wat is die minimum premiebedrag per jaar?
Daar is geen minimum premie nie.

Moet ek die volle premie eenmalig betaal?
Nee, u kan maandeliks, kwartaalliks of halfjaarliks per debietorder betaal.

Moet ek elke jaar 'n premie koop?
Nee, u bepaal u eie versekeringsprogram en premies kan gekoop word na aanduiding van addisionele dekking wat benodig word.

Word BTW op die premies gehef?
Ja, die premies wat u betaal sal BTW aangaan. Betalings wat aan u gemaak word sal ook BTW aangaan.

Deel ek in die onderskrywingswinste?
Die versekerde word beloon vir goeie risikobestuur en kan deel in onderskrywingswinste.

Hoe bepaal ek die polisvrywaringlimiet?
Die polisvrywaringlimiet is 120% van die premie aangegaan. Praat gerus met ons as u meer as 120% risiko dekking benodig.

Watter tipe risiko kan ek verseker?
Corporate Guarantee gebruik die Standaard Besigheid Polisriglyne as die basis vir ons polisdokument. Risiko wat nie in die beleidsdokument genoem word nie, sal oorweeg word met Corporate Guarantee se diskresie.

Is daar enige verskuilde kostes?
Ons kostestruktuur is totaal en al deursigtig. Vir die uitreik van 'n waarborg aan 'n derdeparty hef ons 'n fooi van 2,5% van die waarborgwaarde. Daar is geen fooie vir kansellasies of hernuwings nie en daar is ook geen maandelikse fooie nie. Daar is ook geen administrasie of aansoek fooie om gebruik te maak van ons leningfasiliteite nie.

Mag ek die polis te enige tyd kanselleer?
Ja, maar ons vereis 30 dae kennisgewing.

Tel +27 (11) 787 9019
Email info@corporateguarantee.co.za
Website www.corporateguarantee.co.za

Authorised Financial Service Provider FSP number: 19756